



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIËRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2016

SOSIALE WETENSKAPPE (AARDRYKSKUNDE)

PUNTE: 40

TYD: 1 uur

Maak seker dat leerders 'n 30 minute breuk tussen vraestelle kry.



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
3. Lees al die bronne in die vraestel goed deur.
4. Maak seker dat jy die vraag verstaan voordat jy dit beantwoord.
5. Volg die instruksies noukeurig in die beantwoording van die vrae.
6. Nommer jou vrae presies soos op die vraestel.
7. Moenie die vrae deurmekaar skryf nie.

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer die onderstaande bron en vul die ontbrekende woorde in om die sinne te voltooi.



- 1.1.1 Ons kan plekke op die landkaart vind deur die breedtegrade en ... te gebruik. (1)
- 1.1.2 Die ewenaar is die lyn van ... (1)
- 1.1.3 0° lengtegraad word die ... genoem. (1)

1.2 Bestudeer die onderstaande bron en beantwoord die vrae wat volg.




1.2.1 Gebruik 'n liniaal en die woordskaal om die reguitlynafstand op die grond te bereken:

- (a) vanaf Oos-Londen na Pretoria (1)
- (b) vanaf Mafikeng na Polokwane (1)
- (c) vanaf Kaapstad na Johannesburg (1)

1.2.2 Gee die koördinate van elk van die volgende lande (bestudeer die kaart wat voorsien is).

- (a) Suid-Afrika (1)
- (b) Kanada (1)
- (c) Brasilië (1)
- (d) Australië (1)

TOTAAL AFDELING A: 10




AFDELING B**VRAAG 2: KLIMAAT EN PLANTEGROEI**

2.1 Definieer die volgende konsepte:

- 2.1.1 Weer (1)
- 2.1.2 Nomadies (1)
- 2.1.3 Migreer (1)
- 2.1.4 Humied (1)
- 2.1.5 Hiberneer (1)

2.2 Kyk na die volgende kaart wat die gemiddelde jaarlikse reënval dwarsoor die wêreld aandui en beantwoord die vrae.




- 2.2.1 Rondom watter breedtegraad is die wêreld se natste streek? (1)
- 2.2.2 Hoeveel reën ontvang die streek in een jaar? (2)
- 2.2.3 Hoeveel reën ontvang die wêreld se droogste streek in een jaar? (1)
- 2.2.4 Wat word die instrument genoem wat reën meet? (1)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C

VRAAG 3: BEVOLKING

3.1 Kyk na die kaart oor die bevolkingsverspreiding in Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.1.1 Hoeveel mense word deur een groot groen kol verteenwoordig? (1)
- 3.1.2 Hoekom dink jy het die tekenaar van die kaart groter kolle vir die stede gebruik? (2)
- 3.2 Kies die korrekte woord om die onderstaande sinne te voltooi:
 - 3.2.1 Suid-Afrika se bevolking is (oneweredig, eweredig) deur die land verspei. (1)
 - 3.2.2 Gauteng is die (grootste, kleinste) provinsie. (1)
 - 3.2.3 Gauteng is die (digbevolkste, ylbevolkste) provinsie. (1)
 - 3.2.4 Die oostelike kant van Suid-Afrika is (meer, minder) digbevolk as die westelike kant. (1)
 - 3.2.5 Vind die plek op die kaart waar jy bly:
 - (a) Is jou gebied dig- of ylbevolk? (1)
 - (b) Hoekom dink jy bly so baie of so min mense hier? (2)

3.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vraag wat volg.

Stad	Land	Kontinent	Bevolking in miljoene	Digtheid van bevolking
Shanghai	China	Asië	13,8	7 174 per km ²
Mumbai	Indië	Asië	13,8	22 937 per km ²
Jakarta	Indonesië	Asië	9,6	14 476 per km ²
New York City	USA	Noord Amerika	8,4	4 342 per km ²
Delhi	Indië	Asië	12,6	29 149 per km ²
Moskou	Rusland	Eurasië	10,6	9 772 per km ²

Herrangskik die volgende stede volgens die getal van die bevolkingsdigtheid, deur te begin met die grootste getal per vierkante kilometer tot die kleinste getal.

(a) Jakarta

(b) New York


(c) Mumbai

(d) Delhi

(e) Moskou

(5 x 1) (5)

3.4 Bestudeer die onderstaande bronne en bespreek die redes hoekom mense in verskillende dele van Suid-Afrika woon. Skryf 'n paragraaf van VYF sinne.



(5)

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 40